

24 September

Skrifgedeelte: Johannes 4:1-26

Fokusgedeelte: Johannes 4:9,26

Jesus verlos grensloos

Die Here Jesus gaan van Judea na Galilea om spanning met die Fariseërs te vermy. Hy moes deur die provinsie Samaria gaan. Dit was die kortste pad – reg Noord. Tog is hierdie “moes gaan” veelseggend in die lig van Jesus se gesprek met die vrou van Sigar. Haar Messiasverwagting (vs 25) moes vervul word toe Jesus vir haar sê: "Dit is Ek..."

Ons Middelaar soek die enkeling op. Dit maak nie saak wie jy is of wat mense van jou dink nie. Jy is vir Jesus belangrik. Hy is nie vir ons gekruisig omdat ons Jode of Samaritane, Afrikaners, wit of swart is nie, maar omdat ons sondaars is. Op 'n menslike wyse betree Hy die lewe van hierdie vrou. Jesus is moeg en kom rus by die put waar sy op 'n ongewone tyd van die dag, om twaalfuur, in haar eensaamheid kom water skep. Met Goddelike wysheid bring Hy haar by die lewende water. Hy oorbrug die kulturele versperring tussen Jood en Samaritaan. Hy oorbrug die persoonlike versperring van haar sondige lewe en die sypoor waarheen sy dwing (die diep put en die hele saak van die plek van aanbidding) om tot die kern te kom. Hy verander die bekoring wat sy vir Hom as profeet het na bekering, as Hy Hom as die Messias aan haar openbaar: "Dit is Ek, Ek wat met jou praat".

Pasop vir sypore as Christus tydens huisbesoek en in die eredienste deur sy Woord voor u kom staan. Koeitjies en kalfies, sport en die weer verdring so maklik sy bemoeienis met ons. Ons is nie onkundig soos die Samaritaanse vrou nie. Hy het in ons harte kom woon. Hy het tyd vir ons. Het ons tyd vir Hom?

Sing: Psalm 131:2

Ds J Venter (Emeritus)